VBO WINTERWEEK

DIE IMPAK VAN DIE PLAASLIKE MISSIONêRE GEMEENTE

Missionêre gemeentewees - Dr Frans Hancke

Dit was nog altyd so dat heelwat energie geïnvesteer word in semantiese debatte. Hoe betekenisvol dit is, kan natuurlik tot verdere debat lei. Ook gesprekke oor die missionêre gemeente spring nie semantiese debat vry nie, want uitdrukkings soos missionêr, missionaal, missioneel en gestuur probeer iets oordra van kerkwees in die wêreld.

Hierdie, soms verwarrende, kerktaal is ook nie eie aan Afrikaans nie, want uitdrukkings soos *Integral Church, Total Church* en *Missional Church* beskryf ook kerkwees op ŉ wyse wat meermale grootliks oorvleuel.

As ons by hierdie semantiese hindernisse kan verbykom val die lig op iets wat sommige as ŉ wêreldwye fenomeen in die kerk beskou, en wat na my mening, prakties daartoe kan bydra dat die kerk se impak in die wêreld versnel en groter afmetings sal aanneem as wat ons kan "bid of dink".

Die enkele gedagtes oor missionêre gemeentewees word onder 6 opskrifte hanteer:

1. Ongemaklike vrae vir mense met dik velle
2. Sleutelsuksesfaktore? In die kerk?
3. Werk dit? Om te meet is om te weet
4. ŉ Wêreldwye herontdekking? – of ŉ plaaslike *hype*?
5. Gemeentes wat buite tradisionele grense leef – hoe lyk dit buite die *box*?
6. Maar om die hoek loer daar…

1. Ongemaklike vrae vir mense met dik velle

Mense met 'dun velle' is meestal nie lus vir ongemaklike vrae nie, veral wanneer hierdie vrae, by wyse van spreke, ongerieflik naby aan jou eie lyf kom Maar, die raamwerk waarbinne ons aan die missionêre gemeente dink, word grootliks gedefinieer deur ongemaklike vrae.

Kom ons vermy kleinserigheid en besluit of ons tevrede is met die *status quo* in ons gemeenskap, Suid-Afrika en die wêreld - en in die kerk. Is ons ingenome met die impak van die kerk in die wêreld? Is ons gemaklik met die marginalisering van die kerk? Aanvaar ons dat die Christendom meermale as ongeloofwaardig, irrelevant, fundamentalisties en middeleeus beleef word?

So lei een vraag tot ŉ volgende en kan ŉ mens begin wonder of die kerk waarlik besig is om gemeenskappe te transformeer en ŉ waarneembare invloed of effek te hê?

Dit lyk asof dinge verder gekompliseer word wanneer tradisionele paradigmas oor die kerk en die wêreld ter sprake kom. Het mobiliseringspogings deur skuldgevoelens te kweek, emosies op te wek en mense met statistiek te bedwelm, langtermyn- en kollektiewe gevolge? Het die skep van kerklike modegiere enige blywende, universele, volgehoue resultate of sien ons steeds net sporadiese opflikkerings van missionêre betrokkenheid?

Vrae om die hede en verlede te probeer verstaan lei natuurlik tot vrae oor die toekoms van kerkwees en oor die oplossings wat daartoe sal bydra dat God se mense relevant en kontekstueel as verskilmakers sal leef.

Moet ons dalk in die toekoms net harder probeer? Dalk meer ywerig probeer oortuig, treffender aanbiedings voorberei, effektiewer gebruikmaak van hulpmiddels en tegnologie - kan dit dalk help? Moet ons met groter entoesiasme en oortuiging probeer om gemeentes by meer missionêre projekte betrokke te kry?

As ons vuisvoos hierdie bombardement van vrae oorleef het, staar die finale realiteit ons in die gesig: Hoe bewerkstellig ons 'n groeiende en volhoubare verskuiwing na missionêre kerkwees? Of moet ons met die *status quo* as 'n gegewe saamleef? Is dit maar hoe dit is, of behoort te wees en behoort ons hiermee vrede te maak?

Sekerlik kan 'n mens wonder: Waarom ons koppe oor al hierdie vrae breek? Ons erken en verstaan tog immers die *missio Dei*.

2. Sleutel suksesfaktore? In die kerk?

Dit kom voor asof 'n groeiende bewustheid ontwikkel dat tradisionele benaderings, wat eerstens en primêr op uitkomste fokus, hoogstens tydelike en geforseerde gevolge kan hê – gevolge wat nie volhoubaar is nie. Indien ons egter die grondliggende, Bybelse perspektief van wie ons is (behoort te wees) ontdek, of herontdek, word gelowiges en lidmate met groot entoesiasme vervul en word hul karakter as God se verskilmakers in die wêreld uitgeleef. Dit lyk asof 'n verskuiwing in grondliggende paradigmas bewerkstellig moet word wat daartoe sal bydra dat dit waarlik die hele kerk sal wees wat die hele evangelie na die hele wêreld neem.

'n Baie suksesvolle metodologie wat veral in die veld van die bestuurswetenskappe gebruik word om daadwerklike positiewe verandering te bewerkstellig, fokus op sogenaamde sleutel suksesfaktore of –aanwysers. Hiervolgens word daar veral gekonsentreer op 'n beperkte aantal faktore wat 'n bepalende invloed op die verwagte uitkomste het. Hierdie faktore verteenwoordig areas waarin sukses absoluut noodsaaklik is om die uitkomste te bewerkstellig – areas waaraan kontinue aandag gegee moet word vir sukses. Die instrumentasie van 'n hoë tegnologie vegvliegtuig sou 'n goeie analogie kon wees vir die funksie van sleutel suksesfaktore.

'n Studie waarin gepoog is om die sleutel karakteristieke van missionêr-aktiewe gemeentes te bepaal het daartoe bygedra dat minstens tien karakteristieke, domeine of patrone by sulke gemeentes onderskei kon word. Dit kom dus voor asof missionêre gemeentewees direk beïnvloed word deur:

1. Sola Scriptura:
   Die missionêre mandaat, motief en betrokkenheid van die gemeente word verstaan as stewig veranker in die Bybel.
2. Spiritualiteit:
   Die gebalanseerde spiritualiteit van die gemeente is ferm gegrond op 'n lewende verhouding met Jesus, die Hoof van Sy Kerk.
3. Visie:
   Entoesiasme, fokus en sin is gefundeer in 'n effektief gekommunikeerde, Godgegewe visie.

4. Missionêre Karakter:
   Sy missionêre karakter deurdrenk die wese van die gemeente.
5. Koninkryksperspektief:
   Sy Koninkryksperspektief rig die hele gemeente uitwaarts sodat die hele evangelie na die hele wêreld geneem word.
6. Numeriese Groei:
   Die gemeente het ’n hunkering en verlange na groei in God se Koninkryk sodat elke knie sal buig en elke tong sal bely dat Hy die Here is.
7. Missionêre Leierskap:
   Geldende, visionêre en dienende leierskap begeester, rig en bemagtig gelowiges om deur hul gawes en talente die wêreld effektief te impakteer.
8. Verhoudings:
   Die gemeente investeer sy totale vermoë om liefdes- en samewerkingsverhoudings binne die Liggaam van Christus te skep, te ontwikkel en in stand te hou.
9. Strategiese en Operasionele Bestuur:
   Effektiewe, dinamiese strategiese en operasionele bestuur ondersteun en versnel die missionêre impak van die gemeente.
10. Praktiese Uitkomste:
    Bestaansdoel en visie word effektief omskep in praktiese uitkomste wat 'n verskil in die wêreld maak.

Die vraag ontstaan natuurlik of bogenoemde metodologie enigsins toegepas mag word binne die kerk. David Bosch het sterk standpunt ingeneem teen die gevaarlike benadering van eksklusiwiteit binne die kerk wat daarop sinspeel dat die aktiwiteite van God en mens mekaar uitsluit en dat God en mens eintlik mekaar se opponente word. John Deschner beskryf dit selfs as “*a perversion because it suggests that God’s activity is the enemy of human freedom”*. Dit is dus duidelik dat die gebruik van sogenaamde sekulêre beginsels en kennis nie *per se* as onbybels afgemaak kan word nie.

3. Werk dit? Om te meet is om te weet

Die identifisering van sleutel aanwysers kan daartoe bydra dat ’n paradigmaverskuiwing bewerkstellig word en dat fokus en energie geïnvesteer word in daardie areas wat in harmonie is met ’n gesonde Skrifbeskouing van kerkwees. Dit kan meermale gebeur dat energie en bronne juis aangewend word in daardie gebiede wat weinig of marginaal bydra tot missionêre kerkwees.

Die kwelvraag bly natuurlik altyd of dit moontlik is om hierdie belangrike areas van kerkwees te meet en te moniteer. Dit is voor die handliggend dat die wesenskenmerke van kerkwees nie objektief gemeet kan word nie alhoewel dit wel met iets soos ’n begroting gedoen kan word.

Daar bestaan egter meetinstrumente, soos die MissioMatriks, wat daartoe kan bydra dat daardie areas wat missionêre kerkwees beïnvloed deurlopend aandag kry.

4. ’n Wêreldwye herontdekking? – of ’n plaaslike *hype*?

Onafhanklike studies in verskillende lande en binne kerktradisies dui daarop dat daar ’n nuwe fokus op missionêre kerkwees bestaan. Dit blyk verder dat onafhanklike navorsing grootliks

dieselfde resultate oor missionêre gemeentes toon. Dat hierdie groeiende entoesiasme dui op ŉ herontdekking (of ontdekking?) van kerkwees, lei geen twyfel nie. Dat publikasies, gesprekke, internetverkeer, programme en prosesse herinner aan ŉ nuwe internasionale kerkmodegier kan wel waar wees, maar dat ŉ herontdekking van die Bybels-missionêre DNS van God se mense asemrowende gevolge vir kerkwees en die wêreld kan inhou, word nie betwyfel nie. Inteendeel, missionêre kerkwees het ongetwyfeld ŉ bepalende effek op die vrae waarmee ons hierdie gesprek begin het!

Verskeie raakpunte kom na vore wanneer die werk van navorsers en skrywers oor die missionêre kerk met mekaar vergelyk word:

- Vir ŉ gemeente om waarlik missionêr te funksioneer, moet 'gestuurdheid' die organiseringsbeginsel van die gemeente wees.
- Om die missionêre paradigma te betree vra ŉ fundamentele verskuiwing in Gods-, kerk- en wêreldbeskouing.
- Wat die kerk grootliks tydens die era van die 'Christendom' ontbeer het, was die bewustheid van missionêre identiteit. Veral binne die Westerse denkpatroon was die kerk nie gesien as ŉ gemeenskap wat binne sy unieke sosiale arena deur God gestuur word nie.
- Vir die missionêre gemeente is dit ŉ prioriteit om as geloofsgemeenskap in kontras te leef met die persepsies, opvattings en leefstyl van die gemeenskap rondom hulle.
- Die missionêre gemeente word voortdurend gevorm deur die evangelie om sodoende ŉ lewende en geloofwaardige bewys en bevestiging van sy eie aansprake, beloftes en uitnodigings te word terwyl daar geïdentifiseer word met die wêreld ver en naby hulle as ŉ teken van die Koninkryk wat kom.
- Strukture het ŉ funksionele substituut geword vir die sosiale organisme wat die Nuwe Testament 'kerk' noem.
- Die kerk word meermale beskou as die verskaffer van godsdienstige 'goedere en dienste'. In hierdie 'godsdienstige ekonomie' leef daar dan 'godsdiens verbruikers' wat gedien moet word deur 'godsdiens ondernemings'.
- As alternatiewe gemeenskap kan die missionêre gemeente ŉ kragtige getuie wees wanneer hy in kontras met die leefstyl van die dominante gemeenskap rondom hulle optree - byvoorbeeld ten opsigte van materialisme, korrupsie, wetteloosheid en liefdeloosheid.
- Die missionêre gemeente leef in harmonie met God se plan en bedoeling in die wêreld.
- Missionêre gemeentes sien hulself nie soseer as sturend nie, maar as gestuur.
- ŉ Missionêre gemeente laat toe dat alles wat hulle beplan en doen deurdrenk word deur God se missie in die wêreld.
- Missionêre gemeentes herdefinieer sukses en vitaliteit in terme van gehoorsaamheid aan God se roeping en sending.
- Vir die missionêre gemeente is dissipelskap van sleutelbelang.
- Die missionêre gemeente is bereid om 'risikos' te neem.
- Die missionêre gemeente is prakties besig om God se bedoeling met die wêreld te demonstreer.
- Die missionêre gemeente verloor nie uit die oog dat sending nie 'aan die kerk behoort nie', maar dat dit die werk van die inwonende Heilige Gees is wat die gemeente as instrument gebruik in die uitvoering van Jesus se sending.

5. Gemeentes wat buite tradisionele grense leef – hoe lyk dit buite die *boks*?

Denke oor missionêre kerkwees kan gestimuleer word wanneer na enkele voorbeelde gekyk word van gemeentes wat oënskynlik daarin slaag om buite die inperkende verlamming van vasgelooptheid te leef:

- Die seën van geografiese ontworteling.
- Soos ŉ seer duim in ŉ *Kooka Shop*.
- Ons wil jou nie Sondag in die kerk sien nie.
- Mense weet ek kan kos maak.

6. Maar om die hoek loer daar…

Missionêre kerkwees kan myns insiens een van die invloedrykste herontdekkings wees. Die potensiële effek daarvan kan byna nie oorskat word nie. Dit is ook geen wonder dat missionêre kerkwees in harmonie is met die Skrifverstaan van ŉ opkomende jong generasie van gelowiges in die wêreld nie.

Daar is egter ook ŉ ander realiteit waarmee rekening gehou moet word. By wyse van spreke loer daar om die hoek ŉ bedreiging, want daar bestaan faktore of situasies wat as remmers, beperkers of vertragers kan funksioneer. Hierop moet die missionêre gemeente bedag wees:

- ŉ Bedreiging vir wêreldsending?
- Die implikasies van missionêre leierskap.
- Die 'prys' van missionêre gemeentewees.
- Die oorsteek van grense – gemaksones.
- ŉ Interessante modegier.
- Geen programmatiese kitsoplossing.

Ten slotte. Miskien is die volgende aanhaling ŉ gepaste opsomming van missionêre kerkwees: "*The missional community is exploring and rediscovering what it means to be God's sent people as our identity and vocation in the world. It is the extension of the Trinity's love and missionary activity as embodied by Christ and empowered by the Holy Spirit. It is a group of Jesus' apprentices who are learning how to be sent as he was sent – in the fullness of God in all aspects of daily life. Such a community is a journey of exploration, discovery, nurture and formation"* (Zahariades).